Hoërskool McLachlan

Posbus 3
Joubertina
6410

☎ 042-273-1335
🖷 042-273-1210
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za

NUUSBRIEF 18/01 2019

Geagte Ouers/Voogde

1. **<u>Noodnommers / Weeklikse nuusbrief via e-pos</u>:**
   Ons versoek ALLE ouers/voogde om die verlangde inligting **WEER/EERSTE KEER** te verskaf ten einde te verseker dat die korrekte/opgedateerde inligting op die skoolsisteem is. Alle afskeurstrokies is nog nie terugontvang nie en MOET OP DIE LAATSTE MAANDAG, 21 JANUARIE, teruggestuur word. Afskeurstrokies word vir u gerief weer aangeheg.Ons versoek dat ALLE ouers/voogde sal reageer. Dankie vir u samewerking.

   Ten einde ons geleentheid te gee om al die data te verwerk, sal die elektroniese uitstuur van nuusbriewe vanaf 25 Januarie plaasvind. Tot dan sal u kind dit nog per hand ontvang.

2. **<u>Sportnuus</u>**:
   <u>Kleuresport:</u>
   McLachlan se atlete het floreer in die heerlike koel weer tydens die jaarlikse kleuresport. Die rooi "Incredibles" het met hul spontane sang en kreatiwiteit die geesbeker gewen. Die geelspanatlete het skitterende prestasie op die baan en veld behaal en so die spanbeker verower. Baie geluk aan al die atlete. Nou kan ons saamspan en ons stem by die SOK laat hoor en mekaar aanmoedig om ons beste op 2 Februarie te lewer.

   Die volgende rekords is in 2019 verbeter:

M o/19	Anton van der Mescht (G)	Spiesgooi	53,27 m
D o/14	Taryn Uithaler (R)	Hoogspring	1.30 m
D o/14	Taryn Uithaler (R)	90m Hekkies	21.44
D o/13	Elri van Jaarsveldt (R)	200m Hekkies	39.22
S o/14	J.P Gerber (R)	Skyfwerp 1kg	25.22 m
D o/16	Cima Booysen (G)	Hamergooi 3kg	15.62 m
S o/14	André Crous (G)	Driesprong	7.89 m

   <u>Langkloofsonebyeenkoms, Dinsdag, 22 Januarie:</u>
   Op Dinsdag, 22 Januarie 2019, vind die laerskool Langkloofsone-atletiekbyeenkoms by Hoërskool McLachlan plaas. Slegs laerskoolatlete wat 'n eerste of tweede plek by die kleuresport behaal het, neem aan hierdie byeenkoms deel. Langafstandatlete kwalifiseer met 'n eerste, tweede of derde plek. Deelnemende atlete het vandag hul briewe ontvang. Die hele skool van graad 1-12, behalwe die deelnemende atlete mag tuis bly. Die busse vertrek normale tye. Die roetebus sal om 16:30 na afloop van die byeenkoms vanaf die sportveld vertrek. Die atletiekprogram begin stiptelik om 07:30. Alle atlete is self verantwoordelik om 'n halfuur voor hul deelname by hul items aan te meld en moet ook betyds wees vir die aflosse. Daar sal 'n snoepie beskikbaar wees.

   Indien u tydens die Langkloofsone-atletiekbyeenkoms as beampte wil optree, voltooi asb. die afskeurstrokie aan die einde van die nuusbrief en stuur dit Maandag, 21 Januarie, terug skool toe.

LS-Koukammasone - 25 Januarie 2019 te HS Paul Sauer

Op Vrydag, 25 Januarie 2019, vind die laerskool Koukamma-atletiekbyeenkoms by Hoërskool Paul Sauer plaas. Slegs laerskoolatlete wat 'n eerste of tweede plek by die Langkloofsone behaal het, neem aan hierdie byeenkoms deel. Langafstandatlete kwalifiseer met 'n eerste, tweede of derde plek.

Krieket:

Laerskool:

Daar het verskeie skole uit die laerskoolkrieketliga onttrek. Die datums wat nou op die jaar-program is, gaan moontlik verander. Hou asb. die nuusbrief dop om te sien op watter datums die wedstryde gaan plaasvind.

Hoërskool:

Die o/19-krieketspan het Maandag, 14 Januarie, teen HS Paul Sauer gespeel en die wedstryd met 19 lopies gewen. Die hoërskool krieket datums sal in volgende week se nuusbrief wees, sodra alles gefinaliseer is.

Daar vind Maandag, 21 Januarie, `n wedstryd teen HSS Humansdorp plaas. Sterkte aan ons seuns.

3. **Finansies**:
   Vorms vir verminderde skoolfonds is by mev. Mattheus beskikbaar. Dit is die ouers se verantwoordelikheid om vorms te kom haal en die vorms MOET TEEN 31 JANUARIE TERUGBESORG word aan die skool.

4. **Akademies**:
   Woensdag 23 Januarie:
   Gr.6- en Gr.7 ekstra wiskundeklasse vanaf 14:15-15:00 in mnr. D. Terblanche se klas.
   Gr.8- en Gr.9 ekstra wiskundeklasse vanaf 14:15-15:00 in juf. V. Hatton-Jones se klas.

5. **Netheid**:
   Maandag sal daar `n netheidsinspeksie vir die hoër- en laerskool gehou word. Leerders moet aandag gee aan hul voorkoms en KORREKTE kleredrag.

6. **Klerebank:**
   Die klerebank sal Maandae – Donderdae vanaf 13:00-14:00 oop wees.

Stan Pienaar

Waarnemende Skoolhoof: Hoërskool McLachlan

Hoërskool McLachlan

INTERNET GENERATION

McLachlan Internet Fasiliteit Borg

AFSKEURSTROKIES:

BEAMPTE : LANGKLOOF SONE:22 JANUARIE 2019

Naam van ouer: _____ Naam en graad van kind/ers: _____

Ek is bereid om te help as beampte. Dinsdag, 22 Januarie ☐

Dui asseblief u voorkeur aan, bv. verspring, naellope, ens. _____

HANDTEKENING: _____ KONTAKNOMMER: _____

NOODNOMMERS:

Hiermee verleen ek _____ (naam van ouer/voog) toestemming

dat dringende boodskappe wat my kind/ers _____ in graad/grade

_____ raak aan my gestuur mag word. Ek aanvaar dat indien my korrekte kontakbesonderhede nie aan die skool verskaf is nie, ek nie beswaar kan aanteken as ek nie noodboodskappe ontvang nie.

Selfoonnommer 1: _____

Selfoonnommer 2: _____ (indien van toepassing)

HANDTEKENING: _____ DATUM: _____

WEEKLIKSE NUUSBRIEF VIA E-POS:

Ek _____ , ouer/voog van _____ in graad/grade _____ wil graag die nuusbrief per e-pos ontvang.

E-pos adres: _____

HANDTEKENING: _____ DATUM: _____